DIE GEREFORMEERDE KERKE SINODEBESLUIT:

Die Gereformeerde Kerke se standpunt is deur die Sinode van 2003 soos volg geformuleer: (Acta bl.751)

"Die Gereformeerde Kerke neem sterk standpunt in teen alle vorme van buite-egtelike en homoseksuele omgang. God se Woord wys die monogame huwelik tussen 'n man en 'n vrou aan as die grense waarbinne die Godgegewe seksualiteit beoefen moet word. Gelowiges en alle mense word daartoe opgeroep om almal binne die kerk en samelewing met liefde en bewoënheid, deur woord en voorbeeld, op te roep tot 'n heilige en God-erende uitlewing van die seksuele lewe.

In Jesus Christus is daar (soos met enige ander sonde) verlossing vir persone wat buite-egtelike en homoseksuele praktyke beoefen het. Deur die krag van God se Heilige Gees kom daar berou en is 'n heilige lewe moontlik. Persone met homoseksuele neigings moet soos alle ander mense met die nodige pastorale bewoënheid hanteer en toegerus word om ook ten opsigte van hulle seksuele lewens getrou aan God se Woord te lewe".